

ACT

To make provision for the continuation of the South African Mint, for currency, coinage and legal tender and for other incidental matters; and to abolish the Coinage Fund.

*(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 19th June, 1964.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. In this Act, unless the context otherwise indicates

- (i) „director” means the Director of the South African Mint; (ii)
- (ii) „Minister” means the Minister of Finance; (iv)
- (iii) „prior law” means the Coinage Act, 1922 (Act No. 31 of 1922) or the Decimal Coinage Act, 1959 (Act No. 61 of 1959); (viii)
- (iv) „Republican coins” means any coins which have been issued in accordance with any prior law or this Act, and which have not been called in, in pursuance of any prior law or this Act; (vi)
- (v) „this Act” includes the regulations made or remaining in force under this Act; (iii)
- (vi) „the mint” means the South African Mint established by section two of the South African Mint Act, 1941 (Act No. 16 of 1941); (i)
- (vii) „Transvaal coins” means any coins which were coined in the mint established at Pretoria by the Government of the late South African Republic in accordance with the provisions of Law No. 14 of 1891 of that Republic, and which have not been called in in pursuance of that law or of the Coinage Act, 1922 (Act No. 31 of 1922) or of this Act; (vii)
- (viii) „Treasury” means the Department of Finance. (v)

WET

Om voorsiening te maak vir die voortsetting van die Suid-Afrikaanse Munt, vir gangbare munte, aanmunting en wettige betaalmiddels, en vir ander aangeleenthede wat daarmee in verband staan; en tot afskaffing van die Muntfonds.

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 19 Junie 1964.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

- (i) „die munt” die Suid-Afrikaanse Munt ingestel deur artikel twee van die Wet op die Suid-Afrikaanse Munt, 1941 (Wet No. 16 van 1941); (vi)
- (ii) „direkteur” die Direkteur van die Suid-Afrikaanse Munt; (i)
- (iii) „hierdie Wet” ook die regulasies wat kragtens hierdie Wet uitgevaardig is of van krag bly; (v)
- (iv) „Minister” die Minister van Finansies; (ii)
- (v) „Tesourie” die Departement van Finansies; (viii)
- (vi) „Republikeinse munte” enige munte wat ooreenkomstig ’n vorige wet of hierdie Wet uitgereik is en wat nie ingevolge ’n vorige wet of hierdie Wet ingetrek is nie; (iv)
- (vii) „Transvaalse munte” enige munte wat deur die munt ingestel te Pretoria deur die Regering van die voormalige „Zuid-Afrikaansche Republiek” geslaan is ooreenkomstig die bepalinge van Wet No. 14 van 1891 van daardie Republiek, en wat nie ingevolge daardie Wet of die „Munt Wet, 1922” Wet No. 31 van 1922), of hierdie Wet ingetrek is nie; (vii)
- (viii) „vorige wet” die „Munt Wet, 1922” (Wet No. 31 van 1922), of die Wet op Desimale Munt, 1959 (Wet No. 61 van 1959). (iii)

CHAPTER I.

THE SOUTH AFRICAN MINT AND ABOLITION OF THE COINAGE FUND.

2. The mint shall be continued under the name of the South African Mint.

3. The mint shall be controlled by an officer called the Director of the South African Mint.

4. The director and such other employees as the Minister deems necessary for the proper performance of the work of the mint shall be appointed by the Minister, subject to the laws governing the public service.

5. (1) The director shall undertake the coining of coins to be issued for use in the Republic, the coining of which is authorized by any law and, if directed to do so by the Minister, the coining of coins to be issued for use in any other State, and shall do all such work, exercise all such powers and perform all such duties as the Minister may require him to do, exercise or perform, whether or not such work, powers or duties are connected with the coining of coins.

(2) Save as provided in section *twenty-two*, the cost of the services referred to in sub-section (1) shall be defrayed from moneys appropriated by Parliament for the purpose.

6. Subject to the provisions of section *seven*, all moneys received at the mint or in payment of services rendered at the mint shall be paid into the Consolidated Revenue Fund.

7. The Minister may pay direct to the Government of any State such portion of the profit derived from the coining at the mint of token coins issued therefrom for use in that State as may be agreed upon between him and that Government.

8. (1) The Coinage Fund referred to in section *eight* of the South African Mint Act, 1941 (Act No. 16 of 1941), shall be abolished as from a date fixed by the Minister.

(2) Notwithstanding the repeal by this Act of section *eight* of the South African Mint Act, 1941, all moneys that would have been paid into and all expenses and deficits that would have been defrayed from the Coinage Fund, if this Act had not been passed, shall, respectively, be paid into and defrayed from the fund until the fund is so abolished.

(3) Any amount standing to the credit of the Coinage Fund on the date upon which the said fund is so abolished, shall be paid into the Consolidated Revenue Fund.

CHAPTER II.

CURRENCY, COINAGE AND LEGAL TENDER.

9. Subject to the provisions of section *sixteen*, the coinage units of the Republic shall be the rand (abbreviated as R) and the cent (abbreviated as c), the cent being one-hundredth part of the rand.

10. The standard weight and the standard fineness of the gold, silver, nickel and bronze coins of the denominations mentioned in the First Schedule to this Act are as specified in that Schedule.

11. (1) The Minister may cause to be made and issued gold, silver, nickel and bronze coins of the denominations set out in the First Schedule to this Act.

(2) The coins to be made and issued under sub-section (1) (excepting the Trojan) shall be of the respective values in comparison with the coins issuable under the Coinage Act, 1922 (Act No. 31 of 1922), as are set out in the table below:

HOOFSTUK I.

DIE SUID-AFRIKAANSE MUNT EN DIE AFSKAF-FING VAN DIE MUNTfonds.

2. Die munt word onder die naam die Suid-Afrikaanse Munt voortgesit.

3. Die munt word bestuur deur 'n beamppte wat die Direkteur van die Suid-Afrikaanse Munt heet.

4. Die direkteur en die ander beamptes wat die Minister vir die behoorlike verrigting van die werk van die munt nodig ag, word deur die Minister aangestel met inagneming van die wetsbepalings wat die Staatsdiens reël.

5. (1) Die direkteur onderneem die aanmuntning van muntstukke wat bestem is om uitgereik te word vir gebruik in die Republiek, en waarvan die aanmuntning deur 'n wetsbepaling gemagtig word, en, indien die Minister hom gelas om dit te doen, die aanmuntning van muntstukke wat bestem is om uitgereik te word vir gebruik in 'n ander Staat, en verrig alle werk, oefen alle bevoegdhede en voer alle pligte uit wat die Minister hom gelas om te verrig, uit te oefen of uit te voer, hetsy die werk, bevoegdhede of pligte in verband staan met die aanmuntning van muntstukke al dan nie.

(2) Behoudens die bepalings van artikel *twee-entwintig*, word die koste van die in sub-artikel (1) vermelde dienste bestry uit gelde wat die Parlement vir die doel beskikbaar stel.

6. Met inagneming van die bepalings van artikel *sewe*, word alle gelde wat by die munt of tot betaling van by die munt bewese dienste ontvang word, in die Gekonsolideerde Inkomstefonds gestort.

7. Die Minister kan regstreeks aan die Regering van 'n Staat so 'n deel van die wins verkry uit die aanmuntning by die munt van tekenmuntstukke vandaar uitgereik vir gebruik in daardie Staat, betaal as wat tussen hom en daardie Regering ooreengekom word.

8. (1) Die in artikel *agt* van die Wet op die Suid-Afrikaanse Munt, 1941 (Wet No. 16 van 1941), bedoelde Muntfonds word afgeskaf vanaf 'n datum deur die Minister bepaal.

(2) Ondanks die herroeping deur hierdie Wet van artikel *agt* van die Wet op die Suid-Afrikaanse Munt, 1941, word al die gelde wat in dié Muntfonds gestort en al die koste en tekorte wat daaruit bestry sou geword het as hierdie Wet nie aangeneem was nie, onderskeidelik in die fonds gestort en daaruit bestry totdat die fonds aldus afgeskaf word.

(3) Enige bedrag wat op krediet staan van die Muntfonds op die datum waarop genoemde fonds aldus afgeskaf word, word in die Gekonsolideerde Inkomstefonds gestort.

HOOFSTUK II.

GANGBARE MUNTE, AANMUNTING EN WETTIGE BETAALMIDDELS.

9. Die munteenhede van die Republiek is, behoudens die bepalings van artikel *sestien*, die rand (wat as R verkort word) en die sent (wat as c verkort word), die sent synde een-honderdste deel van die rand.

10. Die standaardgewig en die standaardfynheid van die munte van goud, silwer, nikkel en brons van die denominasies genoem in die Eerste Bylae by hierdie Wet is soos in daardie Bylae vermeld.

11. (1) Die Minister kan munte van goud, silwer, nikkel en brons van die denominasies in die Eerste Bylae by hierdie Wet uiteengesit, laat vervaardig en uitreik.

(2) Die munte wat kragtens sub-artikel (1) vervaardig en uitgereik kan word (behalwe die Trojan), moet van die onderskeie waardes wees in vergelyking met die munte wat kragtens die „Munt Wet, 1922” (Wet No. 31 van 1922), uitgereik kon word, soos in die tabel hieronder uiteengesit:

TABLE.

Coins issuable under this sub-section.	Values in comparison with coins issuable under the Coinage Act, 1922.
Gold coins —	
Trojan	—
Five rand	Two-and-a-half pounds.
Two rand	Pound.
Rand	Half-pound.
Silver coins —	
Rand	Half-pound.
Two-and-a-half cents	Threepence.
Nickel coins —	
Fifty cents	Crown.
Twenty cents	Florin.
Ten cents	Shilling.
Five cents	Sixpence.
Two-and-a-half cents	Threepence.
Bronze coins —	
Two cents	Twenty-four-tenths of a penny.
Cent	Twelve-tenths of a penny.
Half-cent	Twelve-tenths of a half-penny.

(3) All gold, silver, nickel and bronze coins made and issued under sub-section (1) shall be of the weight and fineness specified in the First Schedule to this Act.

(4) In the making of gold, silver, nickel and bronze coins, a remedy (or variation from the standard weight and the standard fineness specified in the First Schedule to this Act) shall be allowed of an amount not exceeding the amount specified in that Schedule.

12. (1) A tender of payment of money, if made in coins which are Republican coins or Transvaal coins of current weight, shall be legal tender —

- in the case of gold coins, for the payment of any amount;
- in the case of silver coins and nickel coins, for the payment of an amount not exceeding four hundred cents, but for no greater amount;
- in the case of bronze coins, for the payment of an amount not exceeding ten cents, but for no greater amount.

(2) A Republican or Transvaal coin shall be deemed to be not of current weight if it has become diminished in weight by wear or otherwise so as to be of less weight than the weight specified as the least current weight in the First Schedule to this Act or as determined by any proclamation under this Act.

(3) Nothing in this Act shall be construed as preventing any paper currency which under the South African Reserve Bank Act, 1944 (Act No. 29 of 1944), is a legal tender, from being a legal tender.

13. (1) No piece of gold, silver, nickel, copper or bronze or of any other metal or mixed metal, of any value whatever shall be made or issued as a coin or as a token of money, except by the mint or to the order of the Government of the Republic.

(2) Any person who acts in contravention of sub-section (1) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five hundred rand.

14. Every contract, sale, payment, bill, note, instrument, and security for money, and every transaction, dealing, matter, and thing whatever relating to money, or involving the payment of or the liability to pay any money, which is made, executed, or entered into, done or had, in the Republic, shall be made, executed, entered into, done and had according to the coins which are current and are a legal tender in pursuance of this Act, and not otherwise,

TABEL.

Munte wat kragtens hierdie sub-artikel uitgereik kan word.	Waardes in vergelyking met munte wat kragtens die „Munt Wet, 1922”, uitgereik kon word.
Goudmunte—	
Trojaan	—
Vyf rand	Twee-en-'n-half pond.
Twee rand	Pond.
Rand	Halfpond.
Silwermunte—	
Rand	Halfpond.
Twee-en-'n-half sent	Drie pennies.
Nikkelmunte—	
Vyftig sent	Kroon.
Twintig sent	Twee sjielings.
Tien sent	Sjieling.
Vyf sent	Ses pennies.
Twee-en-'n-half sent	Drie pennies.
Bronsmunte—	
Twee sent	Vier-en-twintig-tiendes van 'n pennie.
Sent	Twaalf-tiendes van 'n pennie.
Halfsent	Twaalf-tiendes van 'n half-pennie.

(3) Alle munte van goud, silwer, nikkel en brons wat kragtens sub-artikel (1) vervaardig en uitgereik word, is van die gewig en fynheid wat in die Eerste Bylae by hierdie Wet vermeld word.

(4) By die vervaardiging van munte van goud, silwer, nikkel en brons word 'n remedie (of afwyking van die standaardgewig en die standaardfynheid in die Eerste Bylae by hierdie Wet vermeld), toegelaat van 'n hoeveelheid van hoogstens die hoeveelheid in daardie Bylae vermeld.

12. (1) 'n Aanbod van betaling van geld is 'n wettige aanbod indien gedoen in munte wat Republikeinse munte of Transvaalse munte van gangbare gewig is —

- in die geval van goudmunte, vir die betaling van enige bedrag;
- in die geval van silwermunte en nikkelmunte, vir die betaling van 'n bedrag van hoogstens vierhonderd sent, maar vir geen groter bedrag nie;
- in die geval van bronsmunte, vir die betaling van 'n bedrag van hoogstens tien sent, maar vir geen groter bedrag nie.

(2) 'n Republikeinse of Transvaalse munt word geag nie van gangbare gewig te wees nie indien dit deur slytasie of andersins so in gewig verminder het dat dit van minder gewig is as die gewig wat as die geringste gangbare gewig in die Eerste Bylae by hierdie Wet vermeld word of soos bepaal deur 'n proklamasie ingevolge hierdie Wet.

(3) Niks in hierdie Wet het die bedoeling om enige papiergeld wat kragtens die Wet op die Reserwebank, 1944 (Wet No. 29 van 1944), 'n wettige betaalmiddel is, te belet 'n wettige betaalmiddel te wees nie.

13. (1) Geen stuk goud, silwer, nikkel, koper of brons of ander metaal of vermengde metaal, van welke waarde ook, word as 'n muntstuk of as 'n sinnebeeld van geld vervaardig of uitgereik nie, behalwe deur die munt of volgens bestelling van die Regering van die Republiek.

(2) Iemand wat in stryd met sub-artikel (1) handel, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand.

14. Elke ooreenkoms, verkoop, betaling, wissel, promesse, dokument, en sekuriteit vir geld, en elke transaksie, onderhandeling, aangeleentheid en saak van watter aard ook met betrekking tot geld, of wat die betaling van geld of die aanspreeklikheid om geld te betaal, meebring, wat gemaak, verly, of aangegaan, gedoen of uitgevoer word in die Republiek, word gemaak, verly of aangegaan, gedoen of uitgevoer ooreenkomstig die munte wat gangbare munte en wettige betaalmiddels kragtens hierdie Wet is en op geen ander wyse nie, tensy dit gemaak, verly

unless the same be made, executed, entered into, done or had according to the currency of some foreign State.

15. Any reference in any law, deed, instrument, security for money or other document or in any contract or agreement, whether in writing or not, and any reference in any other manner whatsoever, to an amount determined on the basis of the coins specified in the Schedule to the Coinage Act, 1922 (Act No. 31 of 1922), shall be construed as including a reference to an equivalent amount determined on the basis of the coins specified in sub-section (1) of section eleven and in accordance with the respective values of such lastmentioned coins in comparison with the coins specified in that Schedule as set out in sub-section (2) of the said section, and any such reference to an amount determined on the basis of the coins specified in the said sub-sections shall be construed as including a reference to an equivalent amount determined on the basis of the coins specified in the said Schedule and in accordance with the said respective values.

16. Notwithstanding anything contained in this Act, all gold, silver and bronze coins made and issued under any prior law, shall, until they are called in in accordance with the provisions of this Act, remain in circulation in all respects as if this Act had not been passed.

CHAPTER III.

OFFENCES.

17.(1) Any person who removes from the premises of the mint, without lawful authority or excuse —

- (a) any matrix, master punch, die, collar, piercing and cutting tool, pattern or mould, or any other tool, machine, engine, instrument or thing used or employed in or about the coining of coins or medals, or any useful part of the several matters aforesaid;
- (b) any coin, medal or bullion,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding four hundred rand, or to imprisonment for a period not exceeding two years, or to both such fine and such imprisonment.

(2) For the purposes of this section "bullion" means any gold, silver, nickel, gold alloys, silver alloys, nickel alloys, or bronze or other minting alloys in the form of ingots, bars, strips, sheets, scissel, cuttings, granules, rejected coins or medals, blanks, filings, sweepings, dross, scrap, or wire.

18. (1) Any person who is found in possession of any blank or defective coin or medal of the size, shape and metal composition of any coin or medal that is coined at the mint, and is unable to account satisfactorily for such possession, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding four hundred rand, or to imprisonment for a period not exceeding two years, or to both such fine and such imprisonment.

(2) For the purposes of this section a coin or medal shall be regarded as defective, if it has been wrongly manufactured, and would accordingly be unfit for issue as a proper coin or medal, in accordance with the standards of manufacture employed at the mint.

19. Any person who fraudulently inserts or uses in a machine that vends merchandise or services or collects fares or tolls, anything that is intended to pass for the coin or the token of value that the machine is designed to receive in exchange for the merchandise, service, fare or toll, as the case may be, shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalty prescribed by law for the crime of fraud.

CHAPTER IV.

MISCELLANEOUS PROVISIONS.

20. (1) The State President may, by proclamation in the *Gazette*, do all or any of the following things:

of aangegaan, gedoen of uitgevoer word ooreenkomstig die gangbare munt van 'n buitelandse Staat.

15. 'n Verwysing in 'n wet, akte, instrument, sekuriteit vir geld of ander dokument of in 'n kontrak of ooreenkoms, hetsy in skrif al dan nie, en 'n verwysing op enige ander wyse hoegenaamd, na 'n bedrag bepaal op grondslag van die munte in die Bylae by die „Munt Wet, 1922" (Wet No. 31 van 1922), vermeld, word uitgelê ook as 'n verwysing na 'n gelyke bedrag bepaal op grondslag van die munte in sub-artikel (1) van artikel elf vermeld en ooreenkomstig die onderskeie waardes van laasbedoelde munte in vergelyking met die munte in daardie Bylae vermeld, soos in sub-artikel (2) van genoemde artikel uiteengesit, en so 'n verwysing na 'n bedrag bepaal op grondslag van die munte in bedoelde sub-artikels vermeld, word uitgelê ook as 'n verwysing na 'n gelyke bedrag bepaal op grondslag van die munte in daardie Bylae vermeld en ooreenkomstig bedoelde onderskeie waardes.

16. Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet, bly alle munte van goud, silwer en brons kragtens 'n vorige wet vervaardig en uitgereik, totdat hulle ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet ingetrek word, in omloop in alle opsigte asof hierdie Wet nie aangeneem was nie.

HOOFSTUK III.

MISDRYWE.

17. (1) Iemand wat sonder wettige magtiging of verontskuldiging —

- (a) enige matrys, meesterstempel, stempel, kraagring, deurslaan- en uitsnywerktuig, model of gietvorm, of enige ander werktuig, masjiën, enjin, instrument of ding wat gebruik of aangewend word by of in verband met die aanmuntning van muntstukke of medaljes, of enige bruikbare deel van die verskeie voormelde onderwerpe;
- (b) enige muntstuk, medalje of muntmetaal,

van die muntperseel verwyder, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar, of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf.

(2) By die toepassing van hierdie artikel beteken „muntmetaal" goud, silwer, nikkel, goudalloy, silveralloy, nikkelalloy, of brons of ander aanmuntingsalloy in die vorm van blokke, stawe, stroke, plate, sissel, afknipsels, korrels, afgekeurde muntstukke of medaljes, ongestempelde muntstukke of medaljes, vylsels, veegsels, metaalskuim, skroot of draad.

18. (1) Iemand wat in besit gevind word van 'n ongestempelde of onvolmaakte muntstuk of medalje van die grootte, vorm en metaalsamestelling van 'n muntstuk of medalje wat by die munt aangemunt word, en nie in staat is om 'n bevredigende verklaring van sodanige besit te gee nie, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar, of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf.

(2) By die toepassing van hierdie artikel word 'n muntstuk of medalje as onvolmaak beskou indien dit verkeerd vervaardig is, en derhalwe ongeskik sou wees om volgens die vervaardigingsstandaarde wat by die munt toegepas word as 'n egte muntstuk of medalje uitgereik te word.

19. Iemand wat op 'n bedrieglike wyse in 'n masjiën wat handelsware of dienste verkoop of reisgelde of tolgelde invorder, enigiets insit of gebruik wat bedoel is om deur te gaan vir die muntstuk of die teken van waarde wat die masjiën ontwerp is om te ontvang in ruil vir die handelsware, diens, reisgeld of tolgeld, na gelang van die geval, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die straf wat regtens vir die misdryf bedrog voorgeskryf word.

HOOFSTUK IV.

DIVERSE BEPALINGS.

20. (1) Die Staatspresident kan by proklamasie in die *Staatskoerant* al of enige van die volgende dinge doen:

- (a) Determine the dimensions of and design for any Republican coin;
- (b) diminish the amount of remedy allowed by the First Schedule in the case of any Republican coin;
- (c) determine the least current weight of any Transvaal or Republican coin;
- (d) call in Transvaal coins or Republican coins of any date or denomination;
- (e) revoke or alter any such proclamation previously issued.

(2) Every proclamation issued under this section shall come into operation on a date therein specified and shall have effect as if its provisions were enacted in this Act.

21. (1) The State President may make regulations, not inconsistent with this Act —

- (a) concerning the conduct of the business of the mint; and
- (b) prescribing all matters and things which are necessary or convenient to be prescribed for carrying out the purposes of and for giving full effect to this Act.

(2) Any regulations made under any law repealed by this Act and in force at the commencement thereof, shall, in so far as the provisions thereof are not inconsistent with this Act, remain in full force and effect until amended or repealed under this section.

22. Anything to the contrary notwithstanding in the Public Debt Commissioners Act, 1911 (Act No. 18 of 1911), the Treasury is hereby empowered to use deposits (as in that Act defined) for the purchase of metals for coinage.

23. Notwithstanding anything to the contrary contained in this Act, the Minister may from time to time authorize the withdrawal from circulation of so many coins as he may deem to be in excess of requirements, and coins withdrawn in accordance with any such authority may be dealt with as if they had been called in in terms of section *twenty* of this Act.

24. This Act and any amendment thereof shall apply also in the territory of South West Africa, including that portion of the said territory known as the Eastern Caprivi Zipfel and referred to in sub-section (3) of section *three* of the South West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (Act No. 55 of 1951), and in relation to all persons in that portion of the said territory known as the "Rehoboth Gebiet" and defined in the First Schedule to Proclamation No. 28 of 1923 of the Administrator of that territory.

25. (1) Subject to the provisions of sub-sections (2), (3) and (4), the laws specified in the Second Schedule to this Act are hereby repealed to the extent set out in the third column thereof.

(2) Any proclamation issued and anything done under any provision of any law repealed by this Act shall be deemed to have been issued or done under the corresponding provision of this Act.

(3) Notwithstanding the repeal of sections *nine* to *fifteen*, inclusive, of the South African Mint Act, 1941 (Act No. 16 of 1941), any provision thereof which at the commencement of this Act applied to or in relation to any person, shall continue to apply to or in relation to that person in all respects as if the said sections had not been repealed.

(4) Notwithstanding the repeal of section *one* of the Decimal Coinage Act, 1959 (Act No. 61 of 1959), the Minister may, until a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*, continue to cause to be made and issued gold, silver and bronze coins of the denominations set out in the first column of the table in paragraph (a) of sub-section (2) of the said section in all respects as if the said section had not been repealed: Provided that no such coin shall be made after a coin of a corresponding denomination has been made and issued under this Act.

- (a) Die grootte van en die ontwerp vir 'n Republikeinse muntstuk vasstel;
- (b) die remedie deur die Eerste Bylae toegelaat in die geval van 'n Republikeinse muntstuk verminder;
- (c) die geringste gangbare gewig van 'n Transvaalse of Republikeinse muntstuk vasstel;
- (d) Transvaalse muntstukke of Republikeinse muntstukke van enige datum of denominasie intrek;
- (e) enige sodanige proklamasie tevore uitgevaardig, herroep of verander.

(2) Elke proklamasie kragtens hierdie artikel uitgevaardig, tree in werking op 'n datum daarin vermeld, en het regskrag asof die bepalings daarvan in hierdie Wet opgeneem is.

21. (1) Die Staatspresident kan regulasies uitvaardig wat nie met hierdie Wet in stryd is nie —

- (a) wat betref die bestuur van die munt se sake; en
- (b) wat alle aangeleenthede en sake voorskryf wat nodig of dienstig is om voor te skryf ten einde die doeleindes van hierdie Wet uit te voer en om ten volle gevolg aan hierdie Wet te gee.

(2) Regulasies wat kragtens 'n by hierdie Wet herroep wetsbepaling uitgevaardig en by die inwerkingtreding daarvan van krag is, bly, in soverre die bepalings daarvan nie met hierdie Wet strydig is nie, ten volle van krag en in werking totdat hulle kragtens hierdie artikel gewysig of herroep word.

22. Ondanks andersluidende bepalings in die „Openbare Schuld Kommissarissen Wet, 1911” (Wet No. 18 van 1911), word die Tesourie hierby gemagtig om deposito's (soos deur daardie Wet omskryf) aan te wend vir die aankoop van metale vir aanmuntung.

23. Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet, kan die Minister van tyd tot tyd die onttrekking aan omloop magtig van soveel munte as wat hy meer as die behoeftes ag, en met munte ingevolge enige sodanige magtiging onttrek, kan gehandel word asof hulle ingevolge die bepalings van artikel *twintig* van hierdie Wet ingetrek is.

24. Hierdie Wet en enige wysiging daarvan is ook van toepassing in die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van daardie deel van genoemde gebied wat bekend staan as die Oostelike Caprivi Zipfel en wat in sub-artikel (3) van artikel *drie* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet No. 55 van 1951), vermeld word, en ook met betrekking tot alle persone in dié deel van genoemde gebied wat bekend staan as die „Rehoboth Gebiet” en wat in die Eerste Bylae by Proklamasie No. 28 van 1923 van die Administrateur van daardie gebied omskryf word.

25. (1) Onderworpe aan die bepalings van sub-artikels (2), (3) en (4), word die wette in die Tweede Bylae by hierdie Wet vermeld, hierbo herroep in die mate in die derde kolom daarvan uiteengesit.

(2) 'n Proklamasie uitgevaardig en enigiets gedoen kragtens 'n bepaling van 'n wet wat deur hierdie Wet herroep word, word geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet uitgevaardig of gedoen te wees het.

(3) Ondanks die herroeping van artikels *nege* tot en met *vyftien* van die Wet op die Suid-Afrikaanse Munt, 1941 (Wet No. 16 van 1941), hou enige bepaling daarvan wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet op of met betrekking tot 'n persoon van toepassing was, aan om op of met betrekking tot daardie persoon van toepassing te wees in alle opsigte asof genoemde artikels nie herroep was nie.

(4) Ondanks die herroeping van artikel *een* van die Wet op Desimale Munt, 1959 (Wet No. 61 van 1959), kan die Minister, tot 'n datum deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal, voortgaan om munte van goud, silwer en brons van die denominasies in die eerste kolom van die tabel in paragraaf (a) van sub-artikel (2) van genoemde artikel uiteengesit, te laat vervaardig en uitreik in alle opsigte asof genoemde artikel nie herroep was nie: Met dien verstande dat so 'n munt nie vervaardig mag word nadat 'n munt van 'n ooreenstemmende denominasie kragtens hierdie Wet vervaardig en uitgereik is nie.

26. This Act shall be called the South African Mint and Coinage Act, 1964, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

26. Hierdie Wet heet die Wet op die Suid-Afrikaanse Munt en Munte, 1964, en tree in werking op 'n datum deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

FIRST SCHEDULE.

Denomination of coin.	Standard Weight. Grams.	Least Current Weight. Grams.	Standard Fineness.	Remedy Allowance.	
				Weight per piece. Grams.	Millesimal Fineness.
Gold:					
Tronjan	33.9305	33.7205	Eleven-twelfths fine gold, one-twelfth alloy; or millesimal fineness 916.6.	.06512	2
Five rand	19.97014	19.84468		.03240	2
Two rand	7.98805	7.93787		.01296	2
Rand	3.99402	3.96083		.00972	2
Silver:					
Rand	15.0	—	Eight-tenths fine silver, two-tenths alloy; or millesimal fineness 800.	.084	6
Two-and-a-half cents	1.41379	—	Five-tenths fine silver, five-tenths alloy; or millesimal fineness 500.	.0138	8
Nickel:					
Fifty cents	9.5	—	Minimum of 98.00 parts per hundred nickel.	.19	None
Twenty cents	6.0	—		.11	
Ten cents	4.0	—		.07	
Five cents	2.5	—		.05	
Two-and-a-half cents	1.41379	—		.04	
Bronze:					
Two cents	4.0	—	Mixed metal: copper, tin and zinc.	.08	None
Cent	3.0	—		.06	
half-cent	2.0	—		.04	

EERSTE BYLAE.

Denominasie van Munt.	Standaard-gewig. Gramme.	Geringste Gangbare Gewig. Gramme.	Standaardfynheid.	Toegelate Remedie.	
				Gewig per Muntstuk Gramme.	Fynheid per duisend dele.
Goud:					
Trojaan	33.9305	33.7205	Elf-twaalfdes fyn goud, een-twaalfde alloo; of per duisend dele, 916.6 fynheid.	.06512	2
Vyf rand	19.97014	19.84468		.03240	2
Twee rand	7.98805	7.93787		.01296	2
Rand	3.99402	3.96083		.00972	2
Silwer:					
Rand	15.0	—	Agt-tiendes fyn silwer, twee-tiendes alloo; of per duisend dele, 800 fynheid.	.084	6
Twee-en-'n-half sent	1.41379	—	Vyf-tiendes fyn silwer, vyf-tiendes alloo; of per duisend dele, 500 fynheid.	.0138	8
Nikkel:					
Vyftig sent	9.5	—	Minimum van 98.00 dele per honderd nikkel.	.19	Geen
Twintig sent	6.0	—		.11	
Tien sent	4.0	—		.07	
Vyf sent	2.5	—		.05	
Twee-en-'n-half sent	1.41379	—		.04	
Brons:					
Twee sent	4.0	—	Gemengde metaal: koper, tin en sink.	.08	Geen
Sent	3.0	—		.06	
Halfsent	2.0	—		.04	

SECOND SCHEDULE.

No. and year of law.	Title.	Extent of repeal.
Act No. 31 of 1922	Coinage Act, 1922	The whole.
Act No. 16 of 1941	South African Mint Act, 1941	The whole.
Act No. 37 of 1943	Finance Act, 1943	Section <i>nineteen</i> .
Act No. 34 of 1946	South African Mint Amendment Act, 1946	The whole.

TWEDE BYLAE.

No. en jaar van wet.	Titel.	In hoeverre herroep.
Wet No. 31 van 1922	„Munt Wet, 1922”	Die geheel.
Wet No. 16 van 1941	Wet op die Suid-Afrikaanse Munt, 1941	Die geheel.
Wet No. 37 van 1943	Finansiewet, 1943	Artikel <i>negen-tien</i> .
Wet No. 34 van 1946	Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Munt, 1946.	Die geheel.

Act No. 57 of 1946	Finance Act, 1946	Section <i>twenty-two</i> .	Wet No. 57 van 1946	Finansiewet, 1946	Artikel <i>twe en-twintig</i> .
Act No. 4 of 1951	Coinage Amendment Act, 1951	The whole.	Wet No. 4 van 1951	Munt-wysigingswet, 1951 .	Die geheel.
Act No. 11 of 1952	Coinage Amendment Act, 1952	The whole.	Wet No. 11 van 1952	Munt-wysigingswet, 1952 .	Die geheel.
Act No. 61 of 1959	Decimal Coinage Act, 1959	Sections <i>one</i> and <i>two</i> .	Wet No. 61 van 1959	Wet op Desimale Munt, 1959	Artikels <i>een</i> (<i>twee</i> .
Act No. 76 of 1961	Finance Act, 1961	Section <i>three</i> .	Wet No. 76 van 1961	Finansiewet, 1961	Artikel <i>drie</i> .
Act No. 77 of 1962	Finance Act, 1962	Section <i>twenty-three</i> .	Wet No. 77 van 1962	Finansiewet, 1962	Artikel <i>drie-e twintig</i> .